Moraliteit en omstrede kwessies in jeugliteratuur: ’n beskouing oor *Onderwêreld* deur Fanie Viljoen

Elize Vos

Elize Vos, Vakgroep Afrikaans vir Onderwys,
Fakulteit Opvoedkunde, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Opsomming

Omstrede kwessies kom wêreldwyd al hoe meer in jeugliteratuur[1] voor. Na aanleiding van sensuurwette is vier kategorieë geïdentifiseer waarvolgens omstrede kwessies in literêre tekste ingedeel kan word, naamlik geweld, politiek, seksualiteit en religie (Fritz en Van der Westhuizen 2010:163–82). Enkele voorbeelde van omstrede kwessies in jeugliteratuur waaroor ’n morele oordeel uitgespreek en in een van die vier genoemde kategorieë ingesluit kan word, is onder andere disrespek teenoor gesag, dwelm- en drankgebruik (of -misbruik), rook, asook seksuele promiskuïteit.

Volwassenes huldig uiteenlopende sieninge oor die blootstelling van omstrede kwessies in jeugliteratuur. Sommiges is van mening dat die leesblootstelling aan omstrede kwessies die adolessent negatief beïnvloed (angsteorie), terwyl ander argumenteer dat adolessente op hierdie wyse afsluiting vind van hulle eie probleme (katarsisteorie).

Die volwasse rolspelers, wat ’n bydraende rol behoort te vervul in die vestiging van moraliteit by die adolessent, openbaar somtyds self teenstrydige waardes, wat tot verwarring by die adolessent lei. Skrywers, en ook onderwysers, bly steeds van die belangrikste rolspelers wat betref die moontlike vestiging van ’n moraliteitsbewussyn by adolessente.

Adolessente word wyd aan omstrede kwessies deur ander media, onder andere films, televisie, internet, tydskrifte en koerante, blootgestel. Jeugverhale, waarvan die inhoud omstrede van aard mag wees, sal waarskynlik deel van adolessentelesers se leesbelangstellings vorm. *Onderwêreld* deur Fanie Viljoen is tans een van die voorgeskrewe werke vir graad 12-Afrikaans Huistaal-leerders. Omstrede kwessies wat in hierdie jeugverhaal geïdentifiseer kan word, is onder andere kuberkraking, selfdood, tienerseks, asook drank- en dwelmgebruik. Die bespreking van hierdie jeugroman en ander soortgelyke jeugverhale van omstrede aard kan vir die onderwyser problematies in die klaskameromgewing raak en in hierdie artikel word gepoog om bepaalde interaktiewe metodes aan die hand van die resepsie-estetika-benadering aan te beveel om hierdie kwessies

wel doeltreffend met leerders te kan bespreek. Enige hulp wat onderwysers in hulle rol as waardevormers kan ontvang, behoort verwelkom te word.

Onderwysers behoort te fokus op die letterkundestudie waartydens morele kwessies wat wel in die literêre werk geïntegreer is, bespreek kan word. In die beheerde klaskameromgewing kan gesprekke met die leerders oor omstrede kwessies ontlok word. Onder die mediëring[2] van die onderwyser kan die leerders se eie ontdekking van die oorsake en gevolge van, en moontlike oplossings vir, sulke kwessies bydra tot die terapeutiese waarde wat in hierdie tipe jeugverhale verskuil is.

Trefwoorde: Fanie Viljoen; jeugliteratuur; moraliteit; omstrede kwessies; *Onderwêreld*

Abstract

Morality and controversial matters in youth literature: a perspective on *Onderwêreld* by Fanie Viljoen

Morality is a concept that is difficult to define because of the diversity of people and their lifestyles. The following commonalities emerge from an examination of the wide range of definitions of *morality*: Morality is a personal and subjective consciousness of what is good or evil or of what is right or wrong in one's actions towards oneself and others. Morality therefore implies the ability to express an opinion on controversial matters that surface in youth literature. Controversiality, on the other hand, implies a debatable matter. In other words, it is possible to judge a matter differently. *Morality* can be summarised as follows: Morality judges controversial matters, which in this case refers to youth literature. In other words, morality judges whether certain debatable matters in certain youth narratives are right or wrong.

Since adolescents have free access to literature, it is becoming more difficult for parents to monitor what their children read. When certain youth novels are analysed, controversial content seems to be the order of the day. Owing to these controversial matters in youth literature, the stories are either severely criticised by certain role players who regard themselves as the moral gatekeepers of the youth, or enjoy the support of others who believe that the occurrence of controversial matters in youth literature provides an opportunity to conduct an intellectual conversation with the adolescent reader.

Teachers who shy away from these contentious topics in youth literature and who do not want to address these matters in the classroom with their learners, or would rather not have these controversial youth novels prescribed for their learners, no longer provide a solution to this problem. The question should rather be what effective methods can be used to facilitate these controversial matters with the learners in the classroom.

An extensive literature review was launched in an effort to determine the nature of morality, to pin down who the role players are in shaping adolescent morality, to shed light on the international view of morality in youth literature, to examine contemporary trends in Afrikaans youth literature regarding morality, as well as to investigate the different perspectives of adults regarding controversial matters in youth literature.

As it appeared from the literature review that morality is personal and subjective in nature, it was decided to use reception aesthetics as the literary theory to support this article, as described by Wolfgang Iser (1978). Iser (1978) argues that "literature is more than the text, for the text only takes on life when it is realized, and furthermore the realization is by no means independent of the individual disposition of the reader".

From this can be deduced that reading a text involves an active creation of meaning by the reader from the text itself.

In the text analysis of the embodiment of morality in *Onderwêreld* by Fanie Viljoen an integrated literary approach as a descriptive method was followed. The steps followed were the analysis, interpretation and evaluation of the text. This approach was taken to suggest ways for the teacher to facilitate certain controversial matters with Grade 12 Afrikaans Home Language learners in the classroom.

The controversial matters that are becoming increasingly commonplace in youth literature and subject to censorship laws can be divided into four categories, namely violence, politics, sexuality and religion (Fritz and Van der Westhuizen 2010:163–82). Disrespect towards authority, drugs and alcohol use (or even abuse), smoking and sexual promiscuity are some examples of the controversial matters in youth literature on which a moral judgment can be expressed.

In the literature several role players and factors are mentioned that play a contributory role in shaping the morality of adolescents, including the parents, the church, cultural views, schools, politicians, singers, film stars, peer groups, as well as writers (Du Plessis 2017; Martinez 2017). The adult role players sometimes reveal contradictory values themselves that lead to confusion in the adolescents. Writers as well as teachers remain among the most important role players to possibly establish a moral awareness among adolescents.

Adults hold diverse perspectives on the exposure of controversial matters to adolescent readers in youth literature. Some believe that the reading exposure to controversial matters adversely affects the adolescent (*angst* theory), while others argue that adolescents find the conclusion of their own problems in this way (catharsis theory).

Internationally, the trend among youth writers is to consciously select content and contexts in their youth literature that are a fairly true reflection of their readers' worlds, and ongoing efforts are made to deal tactfully with controversial subjects. The majority of youth writers want to lead and support adolescents and want to create stories of hope for their readers. Some of these youth writers warn that the content in their books should not be taken as necessarily reflecting their own views: when they write about divorce, teenage pregnancy or child abuse, it does not mean that they are propagating these controversial matters.

The Afrikaans youth novel *'n Pot vol winter* (1989) by Maretha Maartens was the first youth novel to be severely criticised by the Censorship Board because it was the first Afrikaans youth novel that dealt explicitly with sex. Some other Afrikaans youth literature writers, who sometimes weave controversial matters into their narratives explicitly, though with caution, include François Bloemhof, Barrie Hough, Derick van der Walt, Carin Krahtz and Fanie Viljoen. Controversial matters addressed by these writers include sex, sexual orientation, suicide, drug and alcohol abuse, divorce, single parenthood, molestation, rape and the negative impact of social media.

Youth literature with controversial content can no longer be kept from adolescent readers. *Onderwêreld* by Fanie Viljoen is currently one of the prescribed books for Grade 12 Afrikaans Home Language learners. Viljoen, who is one of South Africa's most productive writers, indicates that he reads newspapers on a daily basis to determine the ethos of, and to gain a glimpse into the mindset and lives of, adolescents. It is precisely these occurrences on which he wants to focus in his youth novels. Viljoen believes it is unnecessary to write morals or life lessons into his youth novels, as he feels that adolescent readers can decide what is right or wrong.

Onderwêreld is about the illegal industry of hacking, but nowhere in the story does Viljoen say that hacking is wrong. He actually presents the pros and cons of hacking and leaves it to the reader to decide whether it is acceptable. He does, however, state the law against hacking at the end of the story to strengthen the reality of this activity and to serve as a possible warning to the adolescent reader. Other controversial matters in this novel are suicide, teenage sex, as well as alcohol and drug use.

Greg Owen is the head boy at Lawson College, a distinguished school in the Drakensberg. A new learner of whom is not much known, Eckardt Wilken, is accepted at the school – somewhat unheard of for this school with a strict policy of admission. Over time, a close friendship develops between Greg and Eckardt. Systematically, Eckardt pulls Greg into the dark underworld of hacking. When Eckardt unexpectedly disappears without a trace, Greg has to help the police and the school to search for him. Greg realises that neither the school nor the police should know that he and Eckardt are hackers.

Greg follows clues and realises that Eckardt has become involved in activities that he should rather have left alone. Greg makes the shocking discovery that the principal of Lawson College is involved in illegal activities. Just when Greg seems to have all the answers, Eckardt suddenly reappears. Greg makes the startling discovery that Eckardt has planned everything in detail, including finding out everything about the Owen family. Greg is disillusioned when he realises that his father, too, is involved in the evil underworld of the school principal. Unwittingly, Greg has turned his own father over to the police. Eckardt's motive for the attack on the Owen family is that years before, Greg's father had destroyed Eckardt's family in a similar way and Eckardt sought revenge for his own sadness.

Suggestions for the facilitation of controversial matters in youth literature in the classroom include the following: teachers should raise intellectual discussions and debates with the learners on these matters in the controlled classroom environment. The therapeutic value hidden in this type of youth literature is enhanced by discussing the causes and consequences of, and possible solutions to, such matters.

If the perspectives of youth writers and other experts in this field of study are kept in mind, as well as the reception aesthetics of Wolfgang Iser, one realises the extraordinary influence an author's youth novel may have on the moral consciousness of the adolescent reader. Possibly it remains the responsibility of the youth writer to leave the adolescent reader with a spark of hope after reading a youth novel.

Keywords: controversial matters; Fanie Viljoen; morality; *Onderwêreld*; youth literature

1. Inleiding en kontekstualisering

Moraliteit is ’n moeilik definieerbare begrip as gevolg van die diversiteit van mense en hulle leefstyle. Wanneer die verskeidenheid van definisies vir *moraliteit* nagegaan word (DiCicco en Taylor-Greathouse 2014:75–6; Luther, Pheiffer en Gouws 2015; Van Heerden 2016), blyk die volgende gemeenskaplikhede uit die definisies: moraliteit is ’n persoonlike en subjektiewe bewussyn van wat goed of boos is of van wat reg of verkeerd is. Hierdie bewussyn is bepalend in interpersoonlike verhoudings.

In die literatuur word verskeie rolspelers en faktore genoem wat ’n bydraende rol vervul in die ontwikkeling van die moraliteit van ’n adolessent, onder andere die ouers, kerk, kultuuropvattinge, skool, politici, sangers, filmsterre, portuurgroep, en beslis ook skrywers (Du Plessis 2017; Martinez 2017).

Collins (1996) het bevind dat jeugliteratuur, en dan indirek skrywers daarvan, ’n waardevolle bydrae kan lewer in die vorming van ’n moraliteitsbewussyn by adolessente.

Omdat adolessente vrye toegang tot media het, raak dit vir ouers moeiliker om te kontroleer wat hulle kinders lees. Wanneer sekere jeugverhale ontleed word, blyk omstrede inhoude wel aan die orde van die dag te wees. Vanweë hierdie netelige kwessies in jeugverhale word hierdie werke somtyds erg gekritiseer deur bepaalde rolspelers wat hulself as die moraliteitsbewakers van die jeug beskou. Daarteenoor geniet hierdie jeugverhale die ondersteuning van ander wat glo dat die voorkoms van omstrede kwessies in jeugliteratuur ’n geleentheid bied om ’n gesprek met die adolessenteleser oor hierdie kwessies te voer. ’n Gesprek om die adolessenteleser se identifisering met of distansiëring van onder andere karakters, milieu en handeling te bepaal, kan waarskynlik sinvol wees in die vestiging van morele waardes by hierdie lesers. In hierdie gesprekke kan die emotiewe rol in die vorming van waardes nie geïgnoreer word nie.

In hierdie verband word twee uiteenlopende sieninge deur ouers en ander rolspelers gehuldig. Die eerste groep ondersteun die angsteorie en glo dat adolessente niks moet lees wat moontlik boos mag wees nie, aangesien hulle van mening is dat sulke leesstof adolessente negatief sal beïnvloed. Teverson (2013:61) verduidelik dat ondersteuners van die angsteorie van mening is dat vreedsame en afgryslike beelde soms so vervleg in stories voorkom dat die leser uiteindelik nie meer tussen reg en verkeerd kan onderskei nie. Die kritici wat die angsteorie ondersteun, gaan soms so ver om te sê dat sommige jeugverhale, vanweë aanvegbare inhoude, gesensor en selfs verban moet word (vergelyk paragraaf 4.4). Alhoewel hierdie kritici steeds van mening is dat sulke verhale nie altyd ouderdomsgeskik is nie en nog minder in die klaskamer tuishoort (byvoorbeeld ouers se reaksie teen *BreinBliksem* deur Fanie Viljoen en *Ratels* deur Leon van Nierop as voorgeskrewe werke in skole), bevestig Fritz en Van der Westhuizen (2010:168) dat, met die uitsondering van *Stanley en die boikot* (Miles 1980), geen kinder- of jeugliteratuur al ooit in Suid-Afrika verban is nie.

Die ander groep is ondersteuners van die katarsisteorie en glo dat adolessente juis aan omstrede kwessies in hulle leesstof blootgestel moet word, want sodoende kan adolessente sien watter probleme veroorsaak word en selfs oplossings vir en afsluiting van hulle eie probleme vind (Bohart 1980:192).

2. Probleemstelling

Die verskillende rolspelers wat hulself as die moraliteitsbewakers van adolessente beskou, kan nie meer wegskram van die feit dat omstrede kwessies deel is van eietydse jeugliteratuur nie (Mulet 2014:26–31).

Een van die voorgeskrewe verhale vir graad 12-Afrikaans Huistaal-leerders is *Onderwêreld* deur Fanie Viljoen. Hierdie jeugverhaal is deurspek met bepaalde omstrede kwessies, onder andere kuberkraking (vergelyk paragraaf 5 vir die volledige teksontleding).

Onderwysers wat van hierdie soort tekste met sensitiewe onderwerpe wegskram en dit nie met hulle leerders in die klaskamer wil bespreek nie, óf eerder verkies om nie hierdie omstrede jeugverhale vir hulle leerders voor te skryf nie, is geen oplossing vir die probleem nie. Daar behoort binne die resepsie-estetika-benadering 'n soeke te wees na doeltreffende interaktiewe metodes om hierdie tipe tekste, waartydens die morele kwessies as integrale aspekte van die teks na vore kom, te bespreek.

3. Navorsingsmetodologie

Aangesien dit uit die literatuurondersoek blyk dat moraliteit persoonlik en subjektief van aard is (paragraaf 4.1), is daar besluit om die lesergeoriënteerde teorie, naamlik die resepsie-estetika-benadering, soos beskryf deur Wolfgang Iser (1978), as literêre teorie te gebruik om hierdie artikel te rugsteun. Iser (1978:40) argumenteer soos volg: "Literature is more than the text, for the text only takes on life when it is realized, and furthermore the realization is by no means independent of the individual disposition of the reader."

Hieruit kan afgelei word dat die lees van 'n teks 'n aktiewe betekenisskepping deur die leser (die leser / meerdere lesers se interpretasie van die teks) vanuit die teks self (soos versinnebeeld deur die reële en geïmpliseerde vertellers, asook deur die fokalisator) is. Met die resepsie-estetika-benadering word in hierdie artikel gefokus op letterkundestudie gebaseer op leerders se interaksie met en respons op *Onderwêreld* deur Fanie Viljoen waartydens morele kwessies wat in die literêre teks geïntegreer is, bespreek word.

Voorts is 'n uitgebreide literatuurondersoek onderneem in 'n poging om die aard van moraliteit te bepaal, om vas te stel wie die rolspelers in die ontwikkeling van adolessente se moraliteit is, om die internasionale beskouing oor moraliteit in jeugliteratuur te belig, om die eietydse tendense in Afrikaanse jeugliteratuur ten opsigte van moraliteit te ondersoek, en om die verskillende beskouinge wat volwassenes huldig ten opsigte van omstrede kwessies in jeugliteratuur na te gaan.

In die teksontleding van die vergestalting van moraliteit in *Onderwêreld* deur Fanie Viljoen word 'n geïntegreerde literêre benadering as beskrywende metode gevolg. Die stappe wat gevolg is, is ontleding, interpretasie en evaluering van die teks. Hierdie benadering is gevolg om maniere vir die onderwyser aan die hand te doen om 'n teks met sekere omstrede kwessies, soos vergestalt in *Onderwêreld* asook in ander jeugverhale, wel in die klaskamer met graad 12-Afrikaans Huistaal-leerders te fasiliteer.

4. Literatuurondersoek

4.1 Die aard van moraliteit

Volgens die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (Luther, Pheiffer en Gouws 2015) word *moraliteit* omskryf as "sedelikheid"; dit is iemand of 'n groep se sedelike beginsels, hulle opvattings oor wat goed of reg en sleg of verkeerd is. Hieruit kan afgelei word dat moraliteit 'n universele begrip is, met ander woorde dat daar by alle mense 'n begrip van reg en verkeerd is. Moraliteit impliseer dan om 'n oordeel uit te spreek oor omstrede kwessies wat in jeugliteratuur verskyn.

Omstredenheid word in dieselfde bron omskryf as "betwisbaarheid"; met ander woorde daar kan verskillend oor 'n saak geoordeel word. Fritz en Van der Westhuizen (2010:166) verduidelik dat elemente wat nie in hierdie definisie na vore kom nie, dié van emosie en konflik is: "'n Saak waaroor verskillend geoordeel word, word slegs omstrede wanneer 'n sterk emosie gekoppel word aan konflikterende werklikheidsvisies wat betrokke is by die waarde-oordeel."

Uit hierdie twee woordomskrywings en die verduideliking deur genoemde navorsers kan 'n moontlike samevatting soos volg wees: *Moraliteit* vorm die grondslag waarop 'n emotiewe oordeel vanuit 'n bepaalde oortuiging oor aanvegbare kwessies, in hierdie geval ten opsigte van jeugliteratuur, gebaseer is.

Kyk 'n mens na wat kerkleiers, filosowe en psigoloë oor moraliteit te sê het, is moraliteit iets persoonlik, dit is subjektief van aard en dit sluit die manier in waarop ons teenoor ander optree. Die Suid-Afrikaanse Grondwet (Suid-Afrika 1996) spel die morele grondslae uit waarop die gemeenskap ooreengekom het; daar is egter sowel individue as gemeenskappe wat strydig hiermee optree.

Volgens Kohlberg (1958) se morele-ontwikkelingsteorie doen kinders aanvanklik die sogenaamde regte ding. Kinders hou by die reëls uit blote vrees vir straf. Die volgende fase is die verstaan dat gehoorsaamheid aan hierdie reëls vir hulle positiewe gevolge inhou. Eers daarna, wanneer die kind adolessensie bereik, verstaan hy/sy die konsep van sosiale reëls: om goed te wees vir ander omdat dit "goeie waardes" verteenwoordig of 'n "goeie ding" is om te doen. Dan ontwikkel waardes soos vertroue en lojaliteit. Adolessente se kognitiewe vermoëns ontwikkel byvoorbeeld om moeilike wiskundige probleme op te los en daarmee saam ook hulle vermoëns om moeilike sosiale probleme op te los. Adolessente weet steel is verkeerd, maar sal byvoorbeeld medikasie steel indien dit 'n vriend se lewe kan verleng en die vriend nie die medikasie kan bekostig nie (*situasionele moraliteit*). Daarom is dit belangrik om van kinders, en later van hulle as adolessente, ouderdomstoepaslike optrede te verwag.

Omstrede kwessies wat soms in jeugliteratuur opduik waaroor 'n morele oordeel uitgespreek word, sluit die volgende aspekte in: disrespek teenoor gesag, dwelm- en drankgebruik (of -misbruik), rook, asook seksuele promiskuïteit, wat dikwels lei tot tienerswangerskappe en seksueel oordraagbare infeksies. Mokeyane (2017) verduidelik dat seksuele promiskuïteit dikwels die gevolg is van 'n lae selfbeeld, depressie, groepsdruk en 'n geskiedenis van seksuele misbruik. Maughan (2017) stem hiermee saam, maar noem dat die algemene voorkoms van onbeheerste drink- en rookgewoontes by adolessente toegeskryf kan word aan die voorbeeld wat deur ouers en portuurgroepe gestel word. Die adolessent dink drank en

rook is aanvaarbaar en beskou hierdie twee gewoontes as hulle eerste stap na volwassenheid. Alkohol- en tabakprodukte word egter as toegangsdwelms bestempel. Ná die gewoontevorming van drank en rook mag dit gebeur dat adolessente met die sogenaamde harder dwelms begin eksperimenteer; dwelmgebruik verswak hulle selfbeeld nog meer, wat lei tot erge depressie, buierigheid en meer gesinskonflik. Nienaber (2017:10) berig juis dat die Wes-Kaapse Onderwysdepartement bekommerd is oor die omvang van middelmisbruik onder die jeug, met statistieke wat toon dat 66,7% van leerders positief vir dwelms toets. Die dwelm wat volgens Nienaber se navorsing die meeste deur leerders gebruik word, is dagga.

Fritz en Van der Westhuizen (2010:163–82) verduidelik dat sensuurwette wêreldwyd veral op grond van vier kategorieë van omstredenheid oorweeg word, naamlik geweld, politiek, seksualiteit en religie. Geweld word, as gevolg van die eksplisiete uitbeelding daarvan in die media, ook besonder realisties in jeugverhale uitgebeeld, onder andere fisieke, emosionele en seksuele mishandeling. Homoseksualiteit en prostitusie, asook die onderskeid tussen erotiek en pornografie is steeds internasionaal omstrede kwessies. In die adolessent se soeke na sy eie identiteit bevraagteken hy ook voortdurend bepaalde geloofskwessies. Volgens hierdie navorsers is daar steeds teenstand teen hierdie omstrede kwessies en is daar wel pogings om sensuur toe te pas.

4.2 Rolspelers in die vestiging van moraliteit by adolessente

Binne die gemeenskap en die groter samelewing waarin die adolessent hom of haar daagliks bevind, is daar verskeie rolspelers en faktore wat ’n bydraende rol vervul in die vestiging van moraliteit by die adolessent. Hierdie rolspelers is onder andere die ouers, wat tradisioneel nog as die vormers van morele waardes van die adolessent gesien word, die kerk en die skool, kultuuropvattinge, politici, sangers, filmsterre, die portuurgroep, en sekerlik ook skrywers. Larney en Lotter (2005) beklemtoon veral ouers se lewe en getuienis, met ander woorde die direkte modelleringsrol van die ouer, as een van die belangrikste wyses waarop waardes by kinders gevestig word. Gesprekke tussen die ouer en kind oor waardes is van uiterste belang. Ander wyses waarop waardes gevestig kan word, is die wyse waarop kinders godsdiensbepaalde waardes internaliseer en hulle godsdienssin uiteindelik gevestig en versterk word. Voorts is die voorbeelde wat in die samelewing waargeneem kan word, ’n verdere wyse om waardes te vorm. Nasionale kontekste wat aan drastiese veranderinge onderhewig is, het ook ’n invloed op waardevorming.

Gesagdraende persone of instellings verkondig soms self teenstrydige waardes en verwar die adolessent net meer. Fritz en Van der Westhuizen (2010:165) is van mening dat volwassenes self soms onseker is weens ’n gebrek aan ingeligtheid, opleiding en wysheid. Hierdie toedrag van sake veroorsaak dat die adolessent op hom-/haarself aangewese is om probleme te probeer verstaan en om riglyne oor probleemgevalle saam te stel.

Volgens Holborn en Eddy (2011:4) word heelwat Suid-Afrikaanse kinders in onveilige gesinskringe groot. Benewens die uitwerking van die MIV/Vigs-pandemie, wat aanleiding gee tot weeskinders wat vir hulleself moet sorg, word heelwat kinders in enkelouergesinne groot. Volgens Statistiek SA (2011) eindig ’n gemiddeld van tussen 50% en 66% van alle Suid-Afrikaanse huwelike in die skeihof. In 2011 is 20 980 egskeidings toegestaan en altesaam 18 571 kinders vorm nou, as gevolg van dié jaar se egskeidings, deel van gebroke huisgesinne. Uit die verslag van Holborn en Eddy (2011) is die afwesige vaderfiguur grootliks die rede vir aggressiewe gedrag by adolessente: “Boys growing up in absent father

households are more likely to display hypermasculine behaviour, including aggression." Adolessente wat in hierdie disfunksionele huisgesinne grootword, kan moontlik geneig wees tot waaghalsigheid wat tot sosiale verval mag bydra. 'n Potensiële bose kringloop wat moeilik verbreek kan word, kan waarskynlik sodoende ontstaan.

Sommige kerke veroordeel homoseksualiteit en ander kerke keur dit goed. Administrator (2016) berig oor die NG Kerk se pad jeens homoseksualiteit: vanaf 1986 toe homoseksualiteit beskou is as sonde tot so onlangs as 2016 waar aanvaarding van homoseksueles in die kerk bepleit word. Volgens Van Zyl (2010), wat 'n studie onderneem het na die invloed van religieuse en kulturele verskeidenheid op moraliteit in die huidige Suid-Afrikaanse konteks, veroorsaak hierdie verskeidenheid 'n radikale verandering in denke; veral ook op die gebied van morele waardes.

Van Zyl (2010) noem voorts dat talle persone in verantwoordelike posisies hulle mag misbruik en hulle skuldig maak aan 'n veelheid vorme van wangedrag. October (2012) berig in hierdie verband ook oor 'n ondersoek wat deur Willie Hofmeyr, hoof van die batebeslagleggingseenheid in die nasionale vervolgingsgesag, gelei is. Hofmeyr verduidelik aan October dat dit nie 'n maklike taak was om die 100 invloedryke mense wat elk al meer as R5 miljoen uit korrupsie gebuit het te vervolg nie.

Sangers en filmsterre is vir adolessente rolmodelle vanweë die positiewe morele waardes wat hulle kan ondersteun, maar die teenstrydige openbare optrede van sommige van hierdie sangers en filmsterre laat adolessente moontlik juis in vertwyfeling oor wat reg of wat verkeerd is. So ook kan die eksperimentering met drank, dwelms en seks van sommige portuurgroeplede wat soms selfs aangewys is as skoolleiers, ook moontlik bydra tot die adolessent se vertwyfeling oor morele waardes.

Stover (2000:108) argumenteer dat adolessente 'n behoefte het om hulself losstaande van die gesin te definieer. Adolessente bevind hul in die ontwikkelingsfase waar hulle besef dat hulle gesinne nie perfek is nie. Hulle moet intussen hulle eie seksualiteit en die gepaardgaande fisiologiese veranderinge verwerk. Alhoewel adolessente meestal positiewe verhoudings met hulle portuurgroep kweek, begin hulle redeneer oor hulle toekoms en hulle rol in die samelewing. Volwassenes bevraagteken soms die selfontdekkingsfase van adolessente en dat die ontwikkelende adolessent nog nie gereed mag wees om met bepaalde omstrede kwessies gekonfronteer te word nie. Hierdie vertrouensbreuk kan veroorsaak dat adolessente hulle eie stel morele, etiese, religieuse en politieke beginsels of reëls daarstel.

Na aanleiding van bogenoemde argument kan bespiegel word oor wie dan nou eintlik verantwoordelik is vir die moraliteitsbewussyn van die adolessent: Wie bepaal wat is geskik of wat is nié geskik vir hierdie ouderdomsgroep nie? Wat vir die een adolessent geskik is, is nie noodwendig vir die ander een geskik nie, juis vanweë elkeen se verskillende vlakke van ontwikkeling, agtergrond, opvoeding en lewenservaringe.

Die hedendaagse neigings dat jongmense op morele vlak al sterker deur die media beïnvloed word en dat die ouers en die kerk nie meer so 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die moraliteitsbewussyn van hierdie jongmense speel nie, veroorsaak dat onderwysers vanweë hul stereotiperende rol as opvoeders 'n al groter impak kan uitoefen op die morele beginsels van leerders (Du Plessis 2017:175). Casey en Grossman (2013) en Coleman (2016)

beklemtoon in hierdie verband dat die oordrag van waardes volledig deel van die onderwyser se taak was en is.

Onderwysers word egter daagliks gekonfronteer met die uitdaging van leerders uit diverse kulturele, rasse-, religieuse, taal- en etniese groepe in een klaskamer, elk met sy eie gebruike en stel morele waardes (Meier en Marais 2012:127–8). In Suid-Afrikaanse openbare skole behoort onderwysers die waardes in die Grondwet (Suid-Afrika 1996) as vertrekpunt te gebruik, omdat dit die enkele waardegrondslag is waaroor die land se mense gesamentlik ooreengekom het. Daarby kan die verklaring van waardes, visie en missie van waardegedrewe skole as basis gebruik word. Daarná kan onderwysers respekvol met individuele of eksterne groepgebaseerde waardes werk.

Uit hierdie bespreking van die verskeidenheid rolspelers wat ’n moontlike invloed op die moraliteitsbewussyn van die adolessent kan uitoefen, blyk die potensiële rol wat skrywers ten opsigte van die kweek van ’n moraliteitsbewussyn by die adolessenteleser het.

4.3 Internasionale beskouing oor moraliteit in jeugliteratuur

Voordat moraliteit in Afrikaanse jeugliteratuur ondersoek kan word, is dit nodig om ’n internasionale beskouing oor moraliteit in jeugliteratuur te verkry.

Collins (1996:159) verduidelik dat jeugliteratuur vroeër deur volwassenes gebruik is om morele waardes en lesse aan die adolessenteleser te onderrig. Sy wys egter daarop dat hierdie tendens in die laaste helfte van die 20ste eeu verander het en dat jeugliteratuur probleme aanspreek wat vir adolessente en jong volwassenes van belang is in hulle stryd tot volwassewording in ’n komplekse, tegnologiese samelewing.

In persoonlike onderhoude met bekende Engelse jeugverhaalskrywers, het die meeste skrywers aangedui dat moraliteit ’n persoonlike begrip is, dat hierdie begrip subjektief van aard is en dat moraliteit verband hou met die wyse waarop ons ander hanteer (DiCicco en Taylor-Greathouse 2014:75–80).

Ismail (2008) het taalstudente en -professore genader oor die uitwerking van hedendaagse letterkunde op die jeug. Uit hierdie gesprekke het Ismail bevind dat literêre tekste ’n beduidende impak op die ontwikkeling van die samelewing uitoefen. Letterkunde het al beskawings gevorm, politieke stelsels verander en wanpraktyke aan die lig gebring. Letterkunde verskaf aan die mens ’n uitgebreide voorskou van menslike ervarings en laat toe dat mense op die basiese vlakke van begeerte en emosie met mekaar kontak maak. Alhoewel die geskrewe woord al samelewings gevorm het, het die werk van sekere skrywers samelewings ook al tot hul mees primitiewe vorm gedegradeer. In hierdie onderhoude met Ismail (2008) het Sophie Chamas, ’n student verbonde aan die skool van internasionale studies aan die American University of Sharjah, genoem dat letterkunde aan die leser insig gee in nie net die gedagtewêreld van mense nie, maar ook in die gedagtewêreld van die skrywer en die gedagtes van die karakters wat die skrywer tot stand bring.

In die onderhoude wat DiCicco en Taylor-Greathouse (2014:75–80) met 12 Engelse jeugverhaalskrywers gevoer het, blyk dit dat hierdie skrywers bewustelik inhoude en kontekste in hulle jeugverhale kies wat ’n redelik ware weerspieëling is van die wêreld van hulle lesers. Sodoende slaag hierdie skrywers daarin om outentieke en geloofwaardige

verhale te skep. Van hierdie skrywers verskil van mekaar oor hulle gedrongenheid om ’n spesifieke boodskap deur middel van hulle teks aan die adolessenteleser oor te dra. Sommige meen dat hulle wel ’n moraliteitsbewussyn by hulle lesers wil kweek, terwyl ander voel dat hulle slegs ’n goeie storie wil vertel. Die meerderheid van hierdie skrywers is egter van mening dat hulle adolessente wil lei en ondersteun; hulle wil iets in adolessente se lewens inploeg wat hulle eerder sal help as wat dit hulle sal seermaak. Marion Dane Bauer, een van hierdie skrywers, noem nadruklik dat sy ’n lig van hoop met haar stories wil bring, hoe erg die storie ook mag wees. Sharon Draper glo in grense wanneer sy vir die jeug skryf: sy glo dat ’n jeugverhaalskrywer oor die vaardigheid moet beskik om omstrede onderwerpe met takt te hanteer. Sy is van mening dat hierdie werkswyse daartoe sal bydra dat die omstrede onderwerpe op ’n verstaanbare vlak met die adolessentelesers bespreek kan word, aangesien dit die idees en gedagtes is wat sy met haar leser wil deel en nie die ervaring op sigself nie. Lois Lowry beklemtoon dat dit vir haar belangrik is om eerlik, intelligent en sensitief te wees wanneer sy omstrede kwessies met haar adolessenteleser deel. Die meeste van hierdie skrywers stem saam dat ’n skrywer se eie morele waardes tog in sy of haar verhaal deurskemer. MT Anderson noem dat almal, ook skrywers, se lewens- en wêreldbeskouing al op een of ander wyse verwond is en dat hierdie verwondings in die vorm van moraliteitsvraagstukke noodwendig in die jeugverhaal aan die adolessenteleser oorgedra sal word. Metee Ivie Harrison waarsku dat moraliteitsvraagstukke in haar verhale nie noodwendig haar perspektief daaroor reflekteer nie: as sy oor egskeiding, tienerswangerskap of kindermishandeling skryf, beteken dit nie dat sy hierdie omstrede kwessies aanprys nie.

As die menings van bogenoemde jeugverhaalskrywers en ander kenners op hierdie studieterrein in gedagte gehou word, asook die resepsie-estetika van Iser, naamlik dat daar ’n wisselwerking tussen die teks en die leser se interpretasie van die teks is, besef ’n mens die buitengewone invloed wat ’n skrywer se jeugverhaal op die moraliteitsbewussyn van die adolessenteleser kan uitoefen.

4.4 Tendense in Afrikaanse jeugliteratuur ten opsigte van moraliteit

Alhoewel die *Liewe Heksie*-reeks deur Verna Vels (2002) ’n kinderverhaalreeks is, is dit nodig om dit hier te noem, juis om die uiteenlopende menings wat selfs oor kinderreekse gehuldig word, aan te toon. Sommige ouers vind die reeks ideaal vir die kinderleser. Volgens Terblanche (2014) het Vels self genoem dat sy gevind het kinders kon baie goed met *Liewe Heksie* identifiseer, omdat hulle soortgelyke probleme ondervind het wanneer hulle met die komplekse wêreld van volwassenes te doen kry.

Ander ouers skram van die lees van *Liewe Heksie* vir hulle kinders weg vanweë besware oor heksery en die gepaardgaande toorkuns daarin (Terblanche 2014). Laasgenoemde siening word selfs gehuldig teen stories oor die Tandmuis of Kersvader omdat dit volgens hierdie groep volwassenes afgekeur moet word as gevolg van verwarring ten opsigte van ’n kind se geloofsoortuigings (vergelyk paragraaf 4.5 ten opsigte van die angsteorie).

’n Pot vol winter (1989) deur Maretha Maartens is fel deur die sensuurraad gekritiseer vanweë die feit dat hierdie Afrikaanse jeugverhaal eksplisiet oor seks gehandel het. Die skrywer het egter volgehou dat die inhoud morele kwessies aanspreek waarvan die jeug bewus gemaak moet word, naamlik voorhuwelikse seks en selfdood. Uiteindelik het hierdie verhaal op die boekwinkelrakke verskyn en hoë verkoopsyfers behaal, en die verhaal is uiteindelik verfilm. *Slinger-slinger* (1997) deur François Bloemhof fokus op voorhuwelikse

seks asook seksuele oriëntasie, terwyl *Skilpoppe* (1998) deur Barrie Hough homoseksualiteit en selfdood belig. *Lien se lankstaanskoene* (2008) deur Derick van der Walt fokus op egskeiding, enkelouerskap en die invloed van alkoholisme van ’n ouer op die kinders. In *Bambaduze* (2015), ook deur Derick van der Walt, word die fokus geplaas op die verwerking van die selfdood van ’n broer. *Asem* (2016) deur Jan Vermeulen is ’n eksplisiete beskrywing van ’n adolessent se haat jeens sy pa en sy beplanning om hom te vermoor. Die 2017-Sanlampryswenner (goud) vir jeugliteratuur, *Blou is nie ’n kleur nie* deur Carin Krahtz, vertel die verhaal van die Vorster-gesin wat ná ’n onverwerkte traumatiese gebeurtenis disfunksioneel geraak het. Omstrede kwessies wat in hierdie jeugroman aangeraak word, is onder andere alkoholisme, molestering, verkragting, selfskending, bloedskande, tienerswangerskap en gesinsmoord.

In *Dis ek, Anna* (2004) en *Die staat teen Anna Bruwer* (2012) het Anchien Troskie (skuilnaam: Elbie Lötter) lesers geskok met die realistiese beskrywings van molestering en verkragtings. Alhoewel jeugdige karakters in hierdie verhale voorkom, is hierdie verhale nie noodwendig jeugliteratuur nie, maar gunstelingleesstof onder adolessentemeisies volgens studies wat ek onderneem het (Vos 2006; 2014). Die aanduiding dat veral meisies hierdie swaargelaaide leesstof op ’n betreklik vroeë ouderdom (15 jaar) aandurf, is ’n definitiewe aanduiding dat adolessente juis nie van omstrede kwessies wegskram nie. *Vaselinetjie* (2004) deur Anoeschka von Meck spreek identiteitsproblematiek en ras aan, terwyl die tema van hoop, naamlik “God maak nie foute nie” soos ’n goue draad in die verhaal verweef is. *Dis ek, Anna* (2004) en *Vaselinetjie* (2004) is albei verfilm, wat ’n verdere bewys is van die gewildheid van hierdie verhale en die erns van regisseurs om die temas met kykers te deel. Daar word nie meer gehuiwer om hierdie omstrede kwessies te opper nie; daar is ’n amperse behoefte om dit aan die groot klok te hang in ’n poging om ’n debat daaroor te ontketen en sodoende die vraag te berde te bring na die genesende waarde van sulke omstrede inhoude.

Fanie Viljoen noem in ’n onderhoud dat hy daagliks koerante lees om die *zeitgeist* of tydsgees te bepaal. Gebeure soos dié van die Skielik Skieter, die Griekwastad- asook die De Zalze-moorde gee vir Viljoen ’n kykie in die gedagtewêreld en lewens van adolessente en dit is juis dié gebeure waarop hy in sy jeugverhale wil fokus. In ’n e-pos-onderhoud wat Theron (2017:68–70) in 2015 met Viljoen gevoer het, het Viljoen te kenne gegee dat hy ’n oom gehad het wat ’n alkoholis was en dat hierdie man hom kwaad en bang gemaak het. Dié alkoholisfiguur en Viljoen se interaksie met die persoon word in verskeie karakters in sy jeugboeke geprojekteer, veral in die manlike antagoniste. Die emosies en ervarings wat rondom ’n alkoholis kan ontstaan en dusdoende in Viljoen se jeugboeke beskryf word, sluit woede, geweld, vrees en trauma in.

Enkele verhale deur Viljoen is onder andere *BreinBliksem* (2005), waarin ’n eksplisiete en realistiese uitbeelding van geweld, dwelm- en drankmisbruik, verkragting en moord voorkom. In *Betower* (2012)word die invloed van sosiale media, en meer spesifiek die impak van die verspreiding van ongehoorde selfoonfoto’s, verwoord. *Pleisters vir die dooies* (2014)se inhoud skok, omdat die protagonis in ’n “donker nag” waarin hy die moord van sy skoolmaats beplan, ook te doen kry met prostitusie. In *Uit* (2014) word die omstrede kwessie van homoseksualiteit met deernis beskryf. In *Afkop* (2016) is ’n realistiese beskrywing van dwelm- en drankmisbruik, asook eksperimentering met seks.

Bogenoemde is slegs enkele voorbeelde van Afrikaanse jeugliteratuur waarin omstrede kwessies aangeraak word. In ’n studie wat ek met ’n bepaalde groep vyftienjariges

onderneem het (kyk Vos 2006), is bevind dat hierdie groep respondente nie wegskram van omstrede kwessies in jeugliteratuur nie, solank die verhaal net nie uitsigloos eindig nie.

4.5 Angsteorie versus die katarsisteorie

Morele aanklagte teen jeugverhale is die rede dat sommige tekste uit hierdie genre nie in klaskamers met leerders behandel kan word nie.

DiCicco en Taylor-Greathouse (2014:80) argumenteer dat eietydse jeugliteratuur slegs van een aspek aangekla kan word en dit is dat die werklikheid daarin uitgebeeld word. Hierdie navorsers noem dat sekere jeugverhale afgekeur word op grond van taalgebruik, seksuele situasies of voorvalle, dwelm- en drankgebruik van adolessentekarakters en selfs ook die seksuele oriëntasie van sommige karakters. Die afleiding kan gemaak word dat dit juis weens hierdie morele aanklagte teen jeugverhale is dat sommige van hierdie fiksietekste nie in klaskamers met leerders gefasiliteer kan word nie.

Ondersteuners van die angsteorie voel dat gruwelike tesame met rustige beelde so deel van die sprokietradisie is dat dit vir die leser soms moeilik kan wees om die goeie en die bose van mekaar te skei. Waar die Aspoestertjie-sprokie wat ons vandag vertel, geen grusame beelde insluit nie, het historiese vertellings verwys na die stiefsusters wat hulle eie voete kleiner gekap het om in die glasskoen te pas (Teverson 2013:61). Fritz en Van der Westhuizen (2010:168) verduidelik dat daar heelwat teenstand is teen die neiging om geweld so werklikheidsgetrou as moontlik uit te beeld, aangesien hierdie uitbeelding die ontwikkelende adolessent negatief kan beïnvloed om die gewelddadige voorbeeld na te volg.

Aanhangers van die katarsisteorie is dit eens dat die werklikheid wel aan die leser uitgebeeld moet word juis vanweë die terapeutiese waarde van narratiewe inhoude verbonde aan hierdie omstrede kwessies, hetsy deur vertellings van ander of vanweë die narratiewe weergawe van eie ervarings. Bohart (1980:192) verduidelik dat emosies gesien word as entiteite, soos water of stoom, wat opbou as daar nie uitdrukking aan gegee word nie. Hieruit kan afgelei word dat die grusame en vreedsame beelde, asook die pyn en verlies wat die leser in die verhaal aantref, volgens die aanhangers van die katarsisteorie ’n voorbeeld stel vir die wyse waarop hierdie beelde en emosies gesuiwer kan word. Hierdie blootstelling aan grusame beelde stel die leser in staat om werklik ontstellende gebeure en beelde in hulle eie lewens te identifiseer en finale afsluiting daarvan te vind.

Verbandhoudend met katarsis is die *teksinterne korrektief* van ’n bepaalde teks waarna Fritz en Van der Westhuizen (2010:171) verwys:

> *[T]eksinterne korrektiewe* kan dus beskou word as verhaalmatige procédés waarmee negatiewe waardes ten opsigte van karakters se handeling, die gebeure, die ruimte en tydsaspekte binne in die verhaalwêreld herstel, omgekeer, verander of aangepas word om die eintlik bedoelde positiewe waardes na vore te laat kom en sigbaar te maak.

Daar is gevalle in *Onderwêreld* waar dit om die hantering en afsluiting van ’n spesifieke insident soos selfdood handel, en ander waar dit om ’n deurlopende blootstelling soos kuberkraking gaan. Eersgenoemde sal waarskynlik met katarsis te make hê, en laasgenoemde met deurlopende hanteringsvaardighede wat die adolessent behoort aan te leer.

Marita van der Vyver, self ’n bekende skrywer van onder andere jeugverhale, is van mening dat jeugromans een van die beste maniere bly om te weet wat in jou kind se binnewêreld aangaan (Van der Vyver 2017:23). Sy is van mening dat ’n verbod nie ’n adolessent gaan keer om iets ongeoorloofs te doen nie. Volgens haar is dit beter om as ouer ook die jeugromans te lees of filmreekse te kyk waaroor al die adolessente praat en sodoende die kommunikasiekanale tussen ouer en kind oop te hou.

5. Teksontleding: Die uitbeelding van moraliteit in *Onderwêreld* deur Fanie Viljoen

Fanie Viljoen, een van Suid-Afrika se bekendste jeugverhaalskrywers, slaag daarin om adolessente weer aan die lees te kry met verhale soos *BreinBliksem* (2005), *Miserella* (2007), *Betower* (2012), *Leeus met letsels* (2013), *Pleisters vir die dooies* (2014), *Uit* (2014), *Spoke en ander gruwelike goed* (2015), *Afkop* (2016) en *Dromers* (2017).

Viljoen is van mening dat dit onnodig is om boodskappe of lewenslesse in sy verhale in te skryf, aangesien hy voel dat die adolessenteleser self kan besluit wat reg en verkeerd is (Opperman 2014:54–6).

Onderwêreld (2008), wat met die Silwer Sanlamprys vir jeuglektuur en die ATKV-kinderboektoekenning bekroon is, is vanaf 2017 een van die voorgeskrewe werke vir graad 12-Afrikaans Huistaal-leerders.

5.1 Opsomming van Onderwêreld

Onderwêreld handel oor die onwettige bedryf van kuberkraking, maar nêrens in die verhaal sê Viljoen “Jy mag nie rekenaars kraak nie!” Hy gee eintlik die voor- én nadele van kuberkraking en laat dit aan lesers oor om te besluit of dit aanvaarbaar is. Viljoen verskaf wel aan die einde van die verhaal die wet teen kuberkraking wat die werklikheid van hierdie aktiwiteit bevestig en as ’n moontlike waarskuwing vir die adolessenteleser kan dien.

Die *zeitgeist* of tydsgees van hierdie jeugroman is van groot betekenis, want die inhoud beeld die hedendaagse Suid-Afrikaanse bestel van korrupsie en misdaad uit waar selfs vername mense hulle aan wandade skuldig maak. Voorts word die werklikheid van verbrokkelde gesinne en ’n soeke na liefde en aanvaarding belig. Matrikulante staan op die drumpel om self ook die werklike wêreld te betree en met hierdie tydsgees gekonfronteer te word.

Die titel van hierdie roman is ’n moontlike verwysing na die benederyk of hel, maar ook na die onderwêreld van misdaad of van spioenasie en geheimenisse, en dit herinner aan die mite van Orpheus en sy reise deur die onderwêreld. Donker geheime en spanning word deur die titel gesuggereer.

Lawson Kollege, ’n spogseunskool in die Drakensberge, is die ruimte waarin die verhaalgebeure afspeel. Greg Owen is die hoofseun wat nie net prestasiedruk van sy pa en die skoolhoof ervaar nie, maar ook die selfdood van sy geliefde broer, John, moet verwerk. In hierdie belangrike finale skooljaar word ’n nuwe leerder en duidelik ’n buitestaander, Eckardt Wilken, by die skool aanvaar – effens ongehoord vir hierdie skool waar toelating moeilik is. Greg en Eckardt is aanvanklik twee teenpole, maar mettertyd vorm hulle ’n hegte vriendskap.

Greg sien iets van John in Eckardt. Stelselmatig trek Eckardt vir Greg in by die donker onderwêreld van kuberkraking. Die kuberkraking herinner Greg aan die ekstreme sport wat hy saam met sy broer aangedurf het. Die onverwagse gebeur dan: Eckardt verdwyn spoorloos en Greg moet die polisie en die skool help om hom terug te kry. Greg besef dat nie die skool óf die polisie mag weet dat hy en Eckardt kuberkrakers is nie.

Greg volg leidrade op en besef dat Eckardt betrokke geraak het by gebeure waar hy hom liewer moes uitgehou het. Uiteindelik vlek Greg ’n halwe waarheid oop: hy kom tot die skokontdekking dat Lawson Kollege se hoof, dr. Alec Pienaar, by ’n onwettige bedrywigheid betrokke is. Wanneer dit lyk of Greg al die antwoorde het, maak Eckardt skielik weer sy verskyning, in Clarens. Greg kom tot die ontnugterende besef dat Eckardt alles haarfyn beplan het en alles omtrent die Owen-gesin uitgevind het. Greg se pa is betrokke by die bose onderwêreld van Alec Pienaar; onwetend het Greg dus sy eie pa aan die polisie uitgelewer. Eckardt se motief vir die aanval op die Owen-gesin is dat Greg se pa jare gelede Eckardt se gesin op ’n soortgelyke wyse verwoes het. Eckardt wou wraak neem vir sy hartseer.

5.2 Omstrede kwessies in Onderwêreld

Moraliteit fokus op die mens en daarom is die karakters se samehang met die ander verhaalaspekte, veral die gebeure, uiters belangrik om moraliteit en omstrede kwessies in *Onderwêreld* te ondersoek. In die soektog na bepaalde omstrede kwessies in hierdie verhaal word ’n geïntegreerde benadering as beskrywende metode gebruik.

Die hoofkarakters se benadering tot en standpunte ten opsigte van omstrede kwessies kan vir die leser wat self met hierdie kwessies worstel, uiters waardevol wees. Volgens Fritz (2007:90–1) se verduideliking van teksinterne korrektiewe (vergelyk paragraaf 4.4) sal vervolgens in die beskrywings van omstrede kwessies ook gefokus word op rolmodelle, die reaksie van ander, en fisiese en emosionele gevolge.

5.2.1 Kuberkraking

Die onderwêreld van kuberkraking is sekerlik die mees omstrede kwessie in hierdie roman. Eckardt betrek Greg daarby in ’n poging om die dood van sy pa te probeer regverdig. Die besonder realistiese beskrywing van die wyse waarop kuberkrakers te werk gaan, laat dadelik die moraliteitswaarskuwing: Wat is reg en wat is verkeerd? Is kuberkraking geregverdig en het Eckardt die reg om op hierdie manier wraak te neem op die Owen-gesin vir wat aan sy pa gedoen is? Die mag van die media word duidelik wanneer Greg uiteindelik tot die ontnugterende besef kom oor hoe sy pa sy beroep misbruik het om sy en sy trawante se jag na geld te bevorder.

Die omstredenheid van kuberkraking word deur Fanie Viljoen bevestig wanneer hy na die feite en fiksie rakende hierdie onderwerp aan die einde van hierdie roman verwys. Deur middel van die byvoeging van hierdie inligting in die bylae toon hy dat kuberkraking ’n werklikheid is ten einde by te dra tot die werklikheidsillusie wat die roman skep. Alhoewel kuberkraking deur teksinterne korrektiewe as fataal in die verhaal beskryf is, laat die skrywer die adolessenteleser nogtans met ’n duidelike waarskuwing wanneer hy die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies (Wet no. 25, 2002) omvattend uiteensit. Op hierdie wyse spreek hy die moraliteitsbewussyn van die adolessentelesers duidelik aan, want die leser kan nou self oordeel oor wat reg en wat verkeerd is.

5.2.2 Selfdood

Die twee hoofkarakters is in ’n vroeë stadium in hulle lewens gekonfronteer met selfdood: Greg met die selfdood van sy broer, John, en Eckardt, toe maar 11 jaar oud, met die selfdoodpoging van sy pa, wat die hele motivering vir Eckardt se latere optrede in die verhaal word. Dit kan die vraag by die leser laat ontstaan: Is Eckardt inherent boos, of is sy ervaring van sy pa se selfdoodpoging genoeg rede vir sy radikale optrede? Wanneer Eckardt verdwyn, is daar ook sprake dat hy selfmoord gepleeg het (ble. 33, 40 en 53). Die koshuisinwoners se uiteenlopende reaksies hierop (sommige is bekommerd en geskok, terwyl ander grappies daaroor maak) kan ’n waardevolle gesprek in die klaskamer ontlok.

Voorts is daar die suggestie van selfdood wanneer Nicole nie haar sin kry om na die Black Eyed Peas-vertoning by Sun City te gaan nie en dink dat selfdood iets is wat haar ouers sal laat sleg voel (127). Dit wil voorkom of sy selfdood oorweeg as ’n wyse van onvolwasse emosionele manipulering: “Ek moet sommer iets ... iets doen, dan sal hulle jammer wees.”

In die finale konfrontasie tussen Greg en Eckardt in Clarens het Greg lus om net te lê dat Eckardt hom moet doodmaak, aangesien hy skuldig voel dat hy sy pa in die steek gelaat het (184). ’n Moontlike gesprek wat met leerders gevoer kan word, is of selfdood werklik ’n oplossing vir probleme is en of jy moet skuldig voel indien jy jou rolmodel aan die polisie moet rapporteer.

Selfdood is ’n sensitiewe kwessie waarmee adolessentelesers moontlik gekonfronteer kan word en ’n sinvolle gesprek met hulle in ’n klaskamer kan hulle help met moontlike antwoorde op hulle onbeantwoorde vrae rondom hierdie netelige kwessie.

5.2.3 Magstrukture en prestasiedruk

Greg Owen en Eckardt Wilken is vasgevang in die magstrukture soos verteenwoordig deur die ouers en die skool. Die verantwoordelikheid van Greg se hoofseunskap lê swaar op sy skouers.

Die onderliggende magstryd om leierskap tussen Greg, die hoofseun, en Kwanele Twala, die onderhoofseun, is ook ’n duidelik omstrede kwessie (18):

> “Vir wat? Ek is die hoofseun, het jy vergeet?”
>
> “So why didn’t you *organise* it then?”

Ook op bladsy 38 is Kwanele se antagonisme jeens Greg duidelik. Hierdie konflik tussen die twee hoofleiers kan ’n debat tussen leerders ontlok: Verdien Greg sy posisie as hoofseun – is hy hoofseun vanweë sy pa se invloed en is Kwanele ’n beter leier as Greg? Wanneer die ander leerders nie saam met Greg teen Dok Pienaar staan nie, word sy vertwyfeling in sy eie leierskap versterk (44):

> “Is ek dan hulle leier?
>
> *If you think you’re a leader but nobody is following you, you’re merely going for a walk.*”

'n Ander omstrede kwessie wat in *Onderwêreld* aangeraak word, is die prestasiedruk op leerders deur gesagsfigure soos verteenwoordig deur Greg se pa en die skoolhoof. Greg se pa maak dit duidelik dat sy seun hoër doelwitte as die vorige jaar moet stel, soos die verwerwing van onderskeidings in sy matriekjaar en om die beste eerstespanrugbyspeler te wees. Die skoolhoof laat die seuns goed verstaan dat 'n teelaarde by Lawson Kollege geskep moet word "waarin die sakeleiers van die toekoms gekweek kan word" (17). Hierdie skoolhoof is nie tevrede met 'n sportman wat net sy beste lewer nie (42): "Sportmanne wat hul 'beste' doen, is verloorders. Dis nie goed genoeg vir my nie, en ook nie vir Lawson Kollege nie. Ek soek jou hart en jou siel. Determinasie, Visie. Oorwinning."

Die houding van hierdie twee gesagsfigure kan verwarring oor morele waardes by Greg veroorsaak: Moet jy slegs 'n topposisie beklee om as kind aanvaar te word en moet jy slegs wen om vir 'n skool aanvaarbaar te wees? Greg se pa en die skoolhoof, wat die beeld van perfeksionisme uitdra, blyk later self korrup te wees. Die korrupsie van hierdie gesagsfigure herinner aan die Faust-legende: Faust was ontevrede met sy lewe en het met die duiwel onderhandel vir meer kennis en towermagte. Daar is verskeie variasies van hierdie legende: die vroegste vertellinge was van hoe Faust lewenslank 'n slaaf van die duiwel was, terwyl latere weergawes vertel hoe Faust deur God, in die vorm van 'n ewige vrou, gered is. Die sinspeling op hierdie legende is effektief binne die verhaalgebeure, aangesien dit aandui dat ambisieuse persone soos Greg se pa en die skoolhoof hulle morele waardes prysgegee het in ruil vir mag, kennis, sukses en geld.

5.2.4 Leerlingraadverkiesings

Die omstredenheid wat soms met leerlingraadverkiesings gepaard gaan, word sterk in hierdie jeugroman belig. Leerlingraadverkiesings wat saketransaksies tussen die skool en ouers is, is 'n omstrede kwessie wat onder die loep kom wanneer Plank, een van Greg se vriende, sê:

> "Hoofseun, onderhoofseun, VRL's. Julle was almal blote saketransaksies, was julle nie? Wie se pa kan die skool se budget die grootste hupstoot gee? En daai badge wat hulle op jou bors vassteek, is die kwitansie wat jy die hele blerrie jaar gaan dra!" (26)

Leerders wat tot hierdie gesagsposisies verkies word, kan altyd wonder of hulle dit werklik verdien en of hulle slegs vanweë hulle ouers se mag die posisie beklee.

5.2.5 Ontgroenings- of oriënteringsrituele

Ontgroenings- of oriënteringsrituele word as een van die omstrede kwessies beskryf wanneer die Trappers (graad 8-leerders) geblinddoek hulle weg in die donker ondergrondse waterafvoerpype moet vind (36–7). Die leuse van Lawson Kollege (*Lux hominum vita* – "lig is die lewe vir die mensdom") word vir die leerders 'n werklikheid wanneer hulle besef dat hulle wel flitsliggies by hulle gehad het, maar omdat hulle geblinddoek was en in die rondte getol is, té gedisoriënteerd was om dit te besef.

Hierdie leuse behoort aanklank by die adolessentelesers te vind, veral aangesien 'n groep adolessentelesers in 'n studie (Vos 2006) aangetoon het dat hulle meer belangstel in die goeie en die positiewe omdat dit moontlik hulle bewuste of onbewuste strewe is om self optimisties in die lewe te wees of te ontwikkel. Graad 12-leerders is byna volwasse en behoort self die volgende morele afleiding, waarin 'n belangrike lewensles verskuil lê, met die bemiddeling

van die onderwyser te maak: “Jy word in die donker tonnels losgelaat, maar jy word die gereedskap gegee om jou te help om jou pad te vind” (36).

Greg som die ontgroeningsritueel goed op wanneer hy vir die graad 8’s, wat suksesvol was om hulle pad uit die ondergrondse tonnels te vind, sê: “Om te onthou dat ons hier is om mekaar te help. Nou en in die toekoms” (37).

5.2.6 Seks

Reeds vroeg in hierdie roman is daar sprake van ’n seksuele verhouding tussen Greg en Nicole, voorbehoeding en die suggestie van ’n moontlike tienerswangerskap (12, 13). Greg twyfel tog in Nicole se getrouheid aan hom (52, 53) en dit behoort vir die adolessenteleser ’n waarskuwing te wees dat vrye liefde nie ’n waarborg vir ’n standhoudende verhouding is nie.

5.2.7 Alkohol- en dwelmgebruik

Alkoholgebruik deur skoolleerders word realisties uitgebeeld. Greg, wat as hoofseun ’n rolmodel vir ander leerders behoort te wees, behoort leerders wat drank in hulle besit het te rapporteer, maar hy drink saam met hulle (39):

> “Ek buk by die klein yskassie. Skuif die koeldranke weg, en wragtig, daar is die verbode vrugte. Twee yskoue Castles. Ek weet ek is veronderstel om so iets te rapporteer, maar ek besluit: what the hell, 4 x 4’s kan mos nie net altyd veilig op die teerpad bly nie, hulle moet af en toe rowwe terrein aandurf.”

Die rook van dagga (Plank, oftewel Mark Gibbons, rook “lagtwak” (86)), asook die eksperimentering met dwelms, onder andere ecstasy, word beskryf wanneer hierdie groep adolessente hulle in ’n nagklub in Johannesburg bevind (88). Die oorsake en gevolge van, en oplossings vir, alkohol- en dwelmgebruik behoort ’n interessante gesprek in ’n veilige klaskameromgewing tot gevolg te hê.

Samevattend is *Onderwêreld* ’n outentieke en geloofwaardige verhaal waarin Fanie Viljoen uitmuntend daarin slaag om ’n goeie storie te skryf sonder om ’n nadruklike moraliteitsles op die adolessenteleser af te dwing. Die bogenoemde omstrede kwessies word met takt deur die skrywer hanteer en veral kuberkraking word beslis nie aangeprys nie. Viljoen laat die adolessenteleser aan die einde van die verhaal, ten spyte daarvan dat Greg sy pa onwetend aan die polisie oorlewer, steeds met ’n belofte van hoop (vergelyk paragraaf 4.3).

5.3 Fasilitering van omstrede kwessies in Onderwêreld *in die klaskamer*

Die benadering tot die onderrig van letterkunde word in die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) (Suid-Afrika 2011:12) bespreek. Hiervolgens is letterkundeonderrig ’n uitdagende taak waartydens die persoonlike en eerlike interpretasie en kommentaar van leerders in ag geneem moet word. Die leerders moet daarom die verhaal *Onderwêreld* verstaan en vir hierdie doel is leerderdeelname in die klas noodsaaklik. Die onderwyser kan nie sy/haar eie interpretasies en idees oor *Onderwêreld* aan die leerders oordra nie. Die onderrig van die “regte antwoord” is dus nie van belang nie, maar veel eerder wat binne die konteks van hierdie jeugverhaal vir die graad 12-Afrikaans Huistaal-leerders betekenisvol is. *Onderwêreld* moet in sy geheel bestudeer word en deeglik, verkieslik in die

klas sonder enige onderbreking van ander aktiwiteite, gelees word. Deeglike lees van hierdie verhaal behels interpretasie, kreatiewe en persoonlike belewing en die ondersoek daarvan.

Een van die doelwitte wat in die KABV (Suid-Afrika 2011:4) gestel word, is om leerders, ongeag hulle sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisieke of intellektuele vermoëns, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van ’n vry land. Hierdie doelwit vereis dat leerders gestimuleer moet word om in kritiese denkers te ontwikkel. Om in genoemde doelwit van die KABV te slaag sal die volgende omstrede kwessies uit *Onderwêreld* ’n geskikte debat (praatgeleentheid) in die klas kan ontlok, en die praatgeleentheid kan skryfgeleenthede stimuleer:

- Is kuberkraking geregverdig indien niemand daardeur benadeel sal word nie?
- Behoort inligting van die polisie weerhou te word wanneer ’n misdaad gepleeg is?
- Is eksperimentering met drank, dwelms en seks deur adolessente aanvaarbaar?
- Moet jy stilbly oor die selfdood van ’n gesinslid?
- Is dit aanvaarbaar dat skoolleiers gesag uitdaag?
- Moet jy altyd met jou ouers saamstem?
- Moet ’n kind bereid wees om sy ouers aan te meld indien hulle ’n misdaad pleeg?
- Is dit goed dat adolessente vrye toegang tot die internet het?
- Mag jy wraak neem indien iemand jou te na kom?

Die KABV vereis van onderwysers om verskillende kognitiewevaardigheidsvlakke in onderrig en assessering toe te pas en verskaf leiding aan onderwysers oor die hantering van waardes in letterkundige tekste (Suid-Afrika 2011:81–2). Hierdie voorgestelde hanteringswyses van waardes sluit ook gedeeltelik by Kohlberg (1958) se morele-ontwikkelingsteorie aan, naamlik dat adolessente se waardesisteem al sodanig ontwikkel is dat ’n gesprek met hulle daaroor moontlik is (vergelyk paragraaf 4.1). Die volgende vrae het met die vlak van waardering te doen en handel oor die beoordeling van waardes, houdings en oortuigings. Dit sluit in beoordeling van die werklikheid, geloofwaardigheid, feite en menings, geldigheid, logika asook die gewenstheid en aanvaarbaarheid van besluite en optrede in terme van morele waardes:

- Bespreek krities / lewer kritiese kommentaar op die optrede/bedoeling/houding/implikasie ... Byvoorbeeld: Lewer kritiese kommentaar op Nicole se manipulerende optrede teenoor Greg.
- Stem jy saam met die siening/standpunt/waarneming/vertolking ...? Byvoorbeeld: Stem jy saam met Greg se uitdaging van die skoolhoof se gesag voor ander leerders (44)?
- Is die skrywer/verteller/karakter na jou mening, geregverdig as hy of sy voorstel dat ...? Motiveer jou antwoord / Gee redes vir jou antwoord. Byvoorbeeld: Is die adjunkhoof, mnr. Andersen, se optrede geregverdig wanneer hy vir die seuns vra om te help soek na Eckardt, maar dit stil te hou van buitestanders soos die polisie en ouers (bladsy 33, 41–2 en 45)? Motiveer jou antwoord.
- Is die karakter se houding/optrede regverdigbaar of aanvaarbaar? Gee ’n rede vir jou antwoord. Byvoorbeeld: Is Eckardt se wraakneming op die Owen-gesin regverdigbaar? Gee ’n rede vir jou antwoord.
- Wat sê ’n karakter se optrede/houding oor hom in die konteks van universele waardes? Byvoorbeeld: Wat sê Greg se bekendmaking van die onwettige

bedrywighede van Dok Pienaar, en ook indirek van sy pa, oor hom in die konteks van universele waardes?
- Bespreek Greg se regverdiging waarom hy wel drink ("hulle moet af en toe rowwe terrein aandurf" (39)) krities.
- Bespreek die waardeoordeel wat in die teks gemaak word. Byvoorbeeld: Verskaf jou mening oor die volgende waardeoordele in die teks:

> 'n Mens moet soms die lewe aandurf "sonder 'n bulletproof baadjie wat jou beskerm teen pyn en hartseer" (34).
> "Lig is die lewe vir die mensdom" (37).
> "Ons is klone van ons ouers se bestaanswêreld – die 'rat race waarbinne die wenner nog altyd 'n rot bly' (41).
> Vergewe en vergeet is nie altyd moontlik nie (118).
> Prestasie maak kinders nie noodwendig gelukkig nie.
> Geld se rol binne die gesinslewe: Kan dit 'n gesin maak of breek? (190).

Voorts kan vrae wat die vlak van waardering sal assesseer, gevra word. Die doel van hierdie vrae is om die impak van die teks op die leser te assesseer en behoort nie eintlik tydens formele assesseringsgeleenthede gevra te word nie, aangesien hierdie tipe vrae nie betroubaar geassesseer kan word nie. Die vrae fokus op die leerder se emosionele reaksie op die inhoud, identifisering met karakters en reaksies op die skrywer se taalgebruik (woordkeuse en beelde):

- Bespreek jou reaksie op die teks/insident/situasie/konflik/dilemma. Byvoorbeeld: Bespreek wat jy sou doen as jy uitvind dat jou pa by onwettige bedrywighede betrokke is.
- Simpatiseer jy met die karakter? Wat sou jy doen indien jy in dieselfde situasie was? Byvoorbeeld: Simpatiseer jy met Eckardt wat wraak wil neem vir sy gesin se verlies? Wat sou jy gedoen het as jy op jou pa se selfdoodpoging afgekom het en besef het dat iemand jou pa so ver gedryf het?

Volgens Anker (2011:18) behoort die "adolessenteleser hom [te] kan vergewis van die sosiale leuen dat alle strukture en instansies tot sy beswil en voortdurende positiewe vorming wil optree". Volgens hom word die adolessenteleser tydens die lees van jeugromans bemagtig om die wanbestuur van magstrukture te kan herken en hom daarteen te kan verset.

6. Voorstelle om jeugliteratuur van omstrede aard in die klaskamer te fasiliteer

In die onderhoude met 12 bekende Engelse jeugverhaalskrywers het die skrywers die rol van volwassenes (ouers, onderwysers, biblioteekkundiges en skrywers) beklemtoon wanneer besluit moet word oor die geskiktheid, al dan nie, van jeugliteratuur van omstrede aard. Volgens die Engelse skrywers bly volwassenes die beste toegerus om met adolessente oor omstrede kwessies te gesels en om hierdie adolessente tydens die leesproses te begelei. Om boeke van 'n omstrede aard uit skole te hou, is geen oplossing nie (DiCicco en Taylor-Greathouse 2014:75–80).

Onderwysers moet ander rolspelers wat ook ’n invloed op die moraliteitsbewussyn van adolessente uitoefen, betrek of op hulle menings ag slaan. In die onderhoude met genoemde Engelse jeugverhaalskrywers (DiCicco en Taylor-Greathouse 2014:75–80), meen een van die Engelse skrywers, Nancy Garden, dat die ouer teoreties die beste toegerus behoort te wees om te bepaal of ’n jeugverhaal met omstrede kwessies geskik sal wees vir hulle kinders of nie. Volgens haar behoort onderwysers en biblioteekkundiges ook oor hierdie oordeel te kan beskik, aangesien hulle die adolessente voor hulle ken. DiCicco en Taylor-Greathouse (2014:75–80) meen dat skrywers op hulle eie morele waardes steun, aangesien hulle nie oor dieselfde voorkennis as onderwysers beskik nie.

Fritz en Van der Westhuizen (2010:163–82) beveel aan dat die adolessent in ’n beheerde omgewing, byvoorbeeld die klaskamer, aan omstredenheid in jeugliteratuur blootgestel behoort te word. Deur bepaalde aspekte in die verhaal self (byvoorbeeld deur die karakters se handeling) kan negatiewe waardes binne die verhaal uiteindelik herstel, omgekeer, verander of aangepas word om die bedoelde positiewe waardes te beklemtoon (vergelyk paragraaf 4.5). Met behulp van hierdie verhaalmatige procédés word die adolessent stelselmatig toegerus om self later ’n oordeel te kan uitspreek wanneer hy met soortgelyke omstrede situasies gekonfronteer word.

In die klaskamer kan ’n sinvolle gesprek oor omstrede kwessies met omsigtigheid met leerders gevoer word, byvoorbeeld deur oor die oorsake en gevolge van, maar ook oplossings vir, onder andere egskeiding, selfdood, drank- en dwelmmisbruik te redeneer. Hierdie gesprekke en voorgestelde begeleide groepbesprekings, wat tydens literatuurstudie ontlok word, kan later aanleiding gee tot bepaalde praat- en skryfgeleenthede binne die kurrikulumvoorskrifte. Volgens Du Plessis (2017) is dit in so ’n situasie belangrik om ’n klimaat te skep waar elke leerder aanvaarding beleef. Hy beveel aan dat respek vir die medemens ten alle tye die fokus van die gesprek moet wees, veral wanneer morele waardes met diverse groepe (verskillende kulture, gelowe, rasse, geslagte) bespreek word. Dit is ook ’n beginsel wat deur die KABV (Suid-Afrika 2011:5) onderskryf word. Du Plessis (2017) se studie dui ook op die belang van oop kommunikasiekanale en van ’n bereidwilligheid om na mekaar te luister.

Die onderwyser behoort sy of haar leerders te ken ten opsigte van watter omstrede kwessies met hulle bespreek kan word, maar behoort ook bewus te wees van die wyses waarop hierdie kwessies bespreek kan word. Volgens die KABV (Suid-Afrika 2011:5) is een van die vooruitsigte dat leerders probleme moet kan identifiseer, dit kan oplos en besluite kan neem deur die ontwikkeling van kritiese en kreatiewe denke. Leerders moet bewus wees van en krities raak ten opsigte van die morele waardes wat in jeugliteratuur op die voorgrond geplaas word. Die onderwyser kan waarskynlik vra dat leerders hulle menings oor hierdie kwessies verskaf en die onderwyser kan moontlike gesprekke oor moraliteitsbeginsels rakende hierdie kwessies fasiliteer. Wanneer leerders aktiwiteite doen wat vereis dat hulle morele waardes in ’n bepaalde teks ontleed en/of bevraagteken, leer hulle hoe die teks ’n bepaalde siening van mense en gebeure handhaaf. Hulle sal die kritiese vaardighede ontwikkel om sodanige sienings en gepaardgaande waardes te ondersoek en, waar nodig, teen te staan.

Die genesende terapeutiese waarde van hierdie jeugverhale van ’n omstrede aard kan beklemtoon word. Dusdoende kan leerders afsluiting vind van hulle eie soortgelyke probleme aan dié van die karakters en hulle met ’n boodskap van hoop laat.

Jeugliteratuur bly ’n kragtige hulpmiddel waarmee adolessente hulle eie morele oortuigings kan toets.

7. Samevatting

Omstrede kwessies was in die verlede die oorsaak dat heelwat jeugverhale krities bejeën is, aangesien sommige volwassenes hierdie omstrede kwessies as ’n negatiewe etikettering op die moraliteitsbewussyn van die adolessent bestempel het.

Hierdie kwessies is egter hedendaags ’n internasionale tendens in jeugliteratuur. Volwassenes het die verantwoordelikheid om omsigtig met hierdie omstredenheid te handel: wanneer ouers boeke vir hulle kinders aankoop, of wanneer onderwysers boeke vir hulle leerders voorskryf.

Burger (2005) stel dit duidelik dat die waarde van letterkunde wél daarin lê “dat die leser betrek word by die lotgevalle van mense, by ander se ervarings, en sodoende gedwing word om na te dink oor verskillende fasette van menswees". Wanneer omstrede kwessies dan in jeugverhale met leerders in die klas gefasiliteer moet word (byvoorbeeld die morele kwessies in *Onderwêreld* – vergelyk paragraaf 5), is ’n sinvolle gesprek oor hierdie onderwerpe tussen die onderwysers en leerders noodsaaklik in ’n poging om leerders intellektueel én emosioneel by hierdie kwessies te betrek. Indien die onderwyser hierdie onderwerpe met sensitiwiteit hanteer, kan die lees van hierdie jeugverhale adolessentelesers by hulle medemens se ervarings betrek en terselfdertyd na oplossings vir hulle eie probleme begelei. Dusdoende kan leerders afsluiting vind van hulle eie probleme en kan die lig van hoop weer vir hulle aangesteek word.

Bibliografie

Administrator. 2016. Die NG Kerk en homoseksualiteit. Vrydag, 11 November. http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/277-1986-ngk-homoseksuele-standpunt.html (29 September 2017 geraadpleeg)

Anker, J. 2011. Fanie Viljoen se *Onderwêreld* as voorbeeld van die gesag- en magstryd in die jeugroman. *LitNet Akademies*, 8(3):1–20.

Bloemhof, F. 1997. *Slinger-slinger*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Bohart, A.C. 1980. Toward a cognitive theory of catharsis. *Psychotherapy Theory Research and Practice*, 17(2):192–201.

Burger, W. 2005. Subversiewe letterkunde kan vir dokters ook van nut wees. *Beeld Plus*, Saterdag 10 September, bl. 9.

Casey, K. en F.K. Grossman. 2013. Teaching values: Let's end our misguided approach. *Education week teacher*. http://www.edweek.org/tm/articles/2013/02/25/fp_casey-grossman.html (13 Desember 2017 geraadpleeg).

Coleman, D. 2016. The value of religious education. http://www.collegeboard.org/membership/all-access/academic/david-coleman-value-religious-education (13 Desember 2017 geraadpleeg).

Collins, C.J. 1996. Finding the way: Morality and young adult literature. In Vandegrift (red.) 1996.

Departement van Basiese Onderwys (DBO) (kyk Suid-Afrika). 2011. Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring. Pretoria: Departement van Basiese Onderwys.

DiCicco, M. en P. Taylor-Greathouse. 2014. The moral of the story: Young adult authors speak on morality, obligation, and age appropriateness. *English Journal*, 103(5):75–80.

Du Plessis, E. 2017. Die essensie van morele waardes in die konteks van 'n parallelmediumskool. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 53(1-2):175–97.

Fritz, M.J. 2007. Die representasie van omstrede kwessies in kontemporêre Afrikaanse jeugverhale. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Noordwes-Universiteit.

Fritz, M.J. en E.S. van der Westhuizen. 2010.Omstrede kwessies en teksinterne korrektiewe in *Skilpoppe* van Barrie Hough. *Literator*, 31(2):163–82.

Holborn, L. en G. Eddy. 2011. First steps to healing the South African family: A research paper by the South African Institute of Race Relations sponsored by the Donaldson Trust. Johannesburg: South African Institute of Race Relations. https://edulibpretoria.files.wordpress.com/2008/01/first_steps_to_healing_the_south_african_family.pdf (1 November 2017 geraadpleeg).

Hough, B. 1998. *Skilpoppe*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Iser, W. 1978. *The act of reading: A theory of aesthetic response*. Baltimore: Johns Hopkins UP.

Ismail, M. 2008. Literature is the mirror of society. http://gulfnews.com/literature-is-the-mirror-of-society-1.86134 (5 September 2017 geraadpleeg).

Kohlberg, L. 1958. *Development of moral character and moral ideology*. Chicago: University of Chicago.

Krahtz, C. 2017. *Blou is nie 'n kleur nie*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Larney, T. en G.A. Lotter. 2005. Ouers se rol in die oordrag van etiese en morele waardes. *Koers*, 70(4):661–83.

Luther, J., F. Pheiffer en R.H. Gouws. 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. 6de uitgawe. Kaapstad: Pearson.

Maartens, M. 1989. *'n Pot vol winter*. Pretoria: HAUM Literêr.

Martinez, E. 2017. Moral development in teens. https://howtoadult.com/moral-development-teens-2429.html (18 September 2017 geraadpleeg).

Maughan. S. 2017. Reckless behavior in adolescents. https://howtoadult.com/reckless-behavior-adolescents-2979.html(18 September 2017 geraadpleeg).

Meier, C. en P. Marais. 2012. *Education management in early childhood education.* 2de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Miles, J. 1980. *Stanley Bekker en die boikot*. Suid-Afrika: Taurus.

Mokeyane, K.N. 2017. Bad teen behaviour. Oureverydaylife.com/bad-teen-behavior-1929.html (18 September 2017 geraadpleeg).

Monseau, V.R. en G.M. Salvner (reds.). 2000. *Reading their world: The young adult novel in the classroom.* 2de uitgawe. Portsmouth: Boynton/Cook.

Mulet, B. 2014. Controversial texts in children's and young adult literature. *Wisconsin English Journal*, 56(1):26–31.

Nienaber, M. 2017. Skok oor dwelms in skole. *Beeld*, 22 September, bl. 10.

October, A. 2012. Dit is nie maklik om korruptes te vervolg. *Die Burger*, 17 Augustus, bl. 2.

Opperman, A. 2014. Wanneer die donker roep. *Taalgenoot*, Lente, ble. 55–6.

Statistiek SA. 2011. Mediavrystellings – Huweliksweek. http://www.sahuweliksweek.co.za/index.php?option=com_content&view=article&id=242&Itemid=458 (5 Oktober 2017 geraadpleeg).

Stover, L.T. 2000. Who am I? Who are you? Diversity and identity in the young adult novel. In Monseau en Salvner (reds.) 2000.

Suid-Afrika. 1996. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. http://www.justice.gov.za/legislation/constitution/SAConstitution-web-afr.pdf (11 Desember 2017 geraadpleeg).

Suid-Afrika. 2011. Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring, Afrikaans Huistaal, VOO-fase. Pretoria: Departement van Basiese Onderwys.

Terblanche, E. 2014. Verna Vels (1933–2014): Gebore en getoë. *LitNet*. http://www.litnet.co.za/verna-vels-1933 (28 September 2017 geraadpleeg).

Teverson, A. 2013. *The new critical idiom: Fairy tale*. New York en Londen: Routledge.

Theron, A.S. 2017. ’n Ondersoek na die rol van die “verwonde” kind in die werk van enkele kinder- of jeugverhaalskrywers in navolging van Alice Miller. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Kaapstad.

Troskie, A. 2004. *Dis ek, Anna*. Kaapstad: Tafelberg.

—. 2012. *Die staat teen Anna Bruwer*. Kaapstad: Tafelberg.

Vandegrift, K.E. 1996. *Mosaics of meaning: Enhancing the intellectual life of young adults through story*. Lanham: Scarecrow.

Van der Vyver, M. 2017. Dertien redes waarom. *Vrouekeur*, 15 September, bl. 23.

Van der Walt, D. 2008. *Lien se lankstaanskoene*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

—. 2015. *Bambaduze*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Van Heerden, H. 2016. Leierskap in onseker tye. *Die Koord*. Nr. 631, Mei 2016.

Van Zyl, C. 2010. Die invloed van religieuse en kulturele verskeidenheid op moraliteit in die huidige Suid-Afrikaanse konteks: ’n Uitdaging vir Christelike kerke. *Verbum et Ecclesia*, 31(1):1–8.

Vels, V. 2002. *Die Liewe Heksie-omnibus*. Kaapstad: Human en Rousseau.

Vermeulen, J. 2016. *Asem*. Pretoria: Lapa Uitgewers.

Viljoen, F. 2005. *BreinBliksem*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

—. 2007. *Miserella*. Kaapstad: Human en Rousseau Uitgewers.

—. 2008. *Onderwêreld*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

—. 2012. *Betower*. Pretoria: Lapa Uitgewers.

—. 2013. *Leeus met letsels*. Kaapstad: Human en Rousseau Uitgewers.

—. 2014a. *Pleisters vir die dooies*. Pretoria: Lapa Uitgewers.

—. 2014b. *Uit*. Pretoria: Lapa Uitgewers.

—. 2015. *Spoke en ander gruwelike goed*. Pretoria: Lapa Uitgewers.

—. 2016. *Afkop*. Pretoria: Lapa Uitgewers.

—. 2017. *Dromers*. Pretoria: Lapa Uitgewers.

Von Meck, A. 2004. *Vaselinetjie*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Vos, J.E. 2006. Identiteitsontwikkeling in geselekteerde jeugverhale van Barrie Hough. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Noordwes-Universiteit.

—. 2014. ’n Leesmotiveringsprofiel van en ’n -raamwerk vir Afrikaanssprekende adolessentelesers. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit.

Eindnotas

[1] *Jeugliteratuur* verwys vir die doel van hierdie artikel na literatuur vir adolessentelesers (ongeveer 12 tot 18 jaar oud) en sluit nie die sogenaamde jongvolwasseneletterkunde in nie.

[2]*Mediëring* verwys na die onderwyser se rol as bemiddelaar om ’n ooreenkoms of versoening tot stand te bring tydens meningsverskille.